# DIE SWART LUIPERD



No 55
Rampokkers van die Paradys

MEIRING FOUCHE

Verder kom Eberhard nie want die jagmes wat die Swart Luiperd geslinger het, tref hom hoog in die skouer, met soveel pynlike geweld, so onverwags dat die groot man van skone skrik bo van die olifant af tuimel.

Nou is daar pandemonium. Die olifant trompetter wild, stamp teen 'n ander een sodat 'n derde ruiter afgeslinger word. Die kortetjie skrik so groot toe Simson hoog teen sy olifant opspring, dat hy met 'n wye boog soos 'n vrot vel van die groot dier se rug afwaai.

Simson en Spikkels val aan soos die Swart Luiperd hulle geleer het. Hulle val aan en gee pad, val aan en gee pad. Dan hier dan daar. Hulle val so verwoed aan dat hulle die olifante skoon van stryk af bring sodat hulle dreigend begin swaai en met die groot voete stamp. Die slurp word woedend omhoog geslinger.

Sofomslag: Chris du Plooy.

6 000256 000063



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Krisis onder die Ape | 3 |
| 2. | Gevaar op die Rivier | 12 |
| 3. | Waterdrama | 21 |
| 4. | Van die Wal in die Sloot | 29 |
| 5. | Vreemde Spore | 38 |
| 6. | Die Karavaan | 48 |
| 7. | Botsing | 57 |
| 8. | Die Agtervolgers | 67 |
| 9. | Groot Oemoeti | 76 |
| 10. | Kake van die Dood | 86 |


## Hoofstuk 1

## KRISIS ONDER DIE APE

Die groot, frisgeboude ruiter wat so regop en sierlik in die rug van die donker hings sit, spits sy ore nou al 'n hele rukkie. 'n Eienaardige geluid daardie wat hy hoor. Nie meer so ver voor hom nie, klink dit byna soos die opgewonde gepraat op 'n basaar, maar hy weet dat daar in hierdie oerwoud geen basaar gehou word nie. Daarby hoor hy af en toe die luide gil en dan die harde styging van stemme. Die opgewonde geskater en gesketter met 'n brul so af en toe bo alles heen.

„Dit moet voorwaar 'n vreemde byeenkoms wees," sê die Swart Luiperd, die lang donker Suid-Afrikaner wat dit 'n deel van sy lewe gemaak het om die oerwoude van Afrika te ondersoek, sy geheime bloot te lê en te help waar hulp nodig is.

Hy is seker dat daar fout is, daarom druk hy sy perd, Donker, met die hakke sodat die dier 'n bietjie vinniger moet beweeg met die smal, digomsoomde oerwoudpaadjie langs. Hy kan hom nie versin wat dit kan wees nie. Hy kan dit byna nie glo dat daar in hierdie paradysagtige wêreld iets kan verkeerd gaan nie. Hierdie is seker een van die skoonste dele van die oerwoud wat hy nog ooit aanskou het. So mal welig groei plant en boom en blom hier, dat dit 'n mens eenvoudig verstom laat. Die varings lyk soos bome. Die kolossale rooi tierlelies groei byna so hoog soos 'n man. Al wat 'n groen klimop is, bars uit in ongelooflike weelde van helder blomme sodat dit plek-plek lyk asof dit nie bome is wat groei nie maar blomsuile wat uit die klam donker aarde opreik na die helder blou lug ver daar bo. Bobbejaantoue swaai hier in byna ongelooflike chaos onder die reusagtige bome dik van stam en oordadig van blaar. Dit is 'n stomende, druipende verwarring, 'n ineenstrengeling van tak en stam, 'n drukkende digtheid van lower waardeur die pragtige, helderkleurige voëls argeloos flits.

Hy is hier naby 'n rivier wat in die diep vallei afkronkel tussen die reuse-berge waar die donker klowe jou lok en jou ook afskrik met hul geheimsinnige dieptes waar al die gevare van die eeue kan

skuil. Hulle het hom gesê dat hy in hierdie woude die okapi sal vind. Daardie geheimsinnige bok wat so weinig mense nog die eer gehad het om in sy natuurlike staat te aanskou. Dit is die skugterste bok op aarde. As jy hom wil raakloop, moet jy 'n jagter van die eerste water wees want die kanse is nege uit tien dat hy jou eerste sal gewaar. Dit is nie die eerste maal dat die Swart Luiperd probeer om die okapi onder oë te kry nie—die okapi met sy hoë voorlyf en sy gesonke agterlyf en die onduidelike strepe oor sy blaaie af. Hy het al verskeie kere geprobeer om hierdie uiters sonderlinge bewoner van die diepste oerwoud te besluip, maar nog elke keer het iets tussen-in gekom. Nog elke keer het die een of ander avontuur hom in 'n ander rigting gelei.

Daarom dat hy op hierdie helder warm oggend so vasbeslote is om dieper die woud in te dring en die veel gesogte okapi onder oë te probeer kry.

Maar nou is daar hierdie kabaal hier voor hom, 'n onverklaarbare deureenstrengeling van geluid wat die een oomblik vrolik en gelukkig klink, maar die volgende oomblik weer vol angs en nood.

Die Swart Luiperd verbeel hom hy weet wat dit is wat so raas. Hy is seker dit is 'n geselskap gorillas. Hy het hulle al dikwels byna so hoor raas, maar nie heeltemal so nie. In die geluid wat hy nou voor hom hoor, is daar 'n ondertoon waarvan hy nie hou nie. Dit is die ondertoon van woede, opstandigheid en hartseer tegelyk. Vantevore het hy al op gorillas afgekom, wat so kerk hou wanneer een van hulle omgekom het. Byna maar net soos 'n gemeente wat op 'n begrafnis die heengaan van 'n bekende en 'n beminde betreur. Maar aan die geluid wat hy voor hom hoor, is daar iets meer as dit. Daarom laat hy vir Donker op 'n kort galoppie met die voetpad langs loop. Daardie geluide word vinnig harder en nou is die angs in daardie gesketter en gebabbel onmiskenbaar. Dit is asof daar wanhoop in daardie verwarring van stemme skuil.

Op 'n draai in die voetpad ry die Swart Luiperd hom byna in die sonderlinge toneel vas. Talle van die groot ape is hier vergader. Party dans en spring op die grond rond. Ander swaai deur die stamme, nog ander hang aan stukke bobbejaantou en dit is 'n





gepraat in hul taal van die ander wêreld. So veel opgewonde en lawaaiende ape het die Swart Luiperd in sy lewensdag nog nie bymekaar aangetref nie. 'n Oomblik kry hy lag terwyl hy die toneel voor hom aanskou. Hulle gaan tekere soos 'n klomp opgewonde tantes op 'n baba-tentoonstelling. Dit woel en vroetel en raas dat dit 'n naarheid is. Die Luiperdman ondersoek die toneel om vas te stel wat die rede vir hierdie sonderlinge gedrag is.

En toe, toe hy toevallig opkyk, sien hy die rede vir hierdie opgewonde byeenkoms.

Hy word koud van die skok en terselfdertyd trek daar deur hom 'n gevoel van diepe deernis. Hierdie is een van die aaklige en hartroerende tonele van die oerwoud waar die dood maar om elke draai op jou wag. Wat hy aanskou, laat hom opnuut besef hoe weerloos en magteloos die stomme skepsels van die oerwoud teen die noodlot is. Hoewel hul krag groot is en hoewel hul kennis van die gevaar ongeëwenaard is en hoewel hulle op sekere terreine veel slimmer as die mens is, is hulle tog in sekere opsigte so totaal sonder beskerming teen die lot wat hulle meermale tref.

Want daar hoog bo die voetpad aan die gebuigde top van 'n dun jong boom wat hoog geklim het om die sonlig by te kom, hang 'n gorillawyfie magteloos aan die voet vasgevang. Die stomme skepsel worstel en draai daar bo, skreeu beangs maar dit alles help niks want daardie agtervoet is stewig vasgevang in die strik van 'n inboorling-wip wat seker hier in die voetpad gestel was.

Woede en ontsteltenis stoot in die oerwoudman op. Hoeveel maal het hy nie al hierdie aaklige toneel in die oerwoud aanskou nie. In hierdie geval leef die slagoffer nog. Maar op sy omswerwinge het hy al afgekom op die geraamtes van klein olifante, maanhaar-leeus, jagluiperds en allerhande wildsbokke wat op dieselfde manier gevang is en so 'n pynlike dood moes sterf.

Die gorillas is so doenig oor die tragedie wat hulle getref het, dat hulle die vreemde aankomeling aanvanklik blykbaar nie raaksien nie. Maar dit duur nie lank nie of een van die ou groot mannetjies gewaar die eienaardige gedaante wat so stilletjies op die toneel verskyn het. Hy los 'n brul wat ook die aandag van die ander rek. Toe kom hy versigtig nader. Die Luiperdman het sy tier-

masker aan wat hom gedeeltelik die voorkoms van 'n tier gee. Tog is hy nie 'n tier nie. Dit kan hierdie gorillamannetjie nie kleinkry nie. Skoorvoetend nader hy die ruiter en blykbaar kan hy nie verstaan watter soort tier hierdie dan is wat perdry nie. In elk geval is dit die eerste maal in sy lewe dat hy so 'n viervoetige dier soos 'n perd sien.

Onderwyl hy nader kom, is die nuuskierigheid, die agterdog en die wreedheid in sy bruin flonkerende oë vermeng. Dit blyk asof die ander mannetjies onwillig volg. Hulle voel veel meer aangetrokke tot die drama waarmee hulle besig is as tot hierdie vreemde verskynsel wat hulle in elk geval nie vrees nie omdat hulle so baie bymekaar is.

Die Luiperdman snap hierdie stukkie sielkunde by die ape. 'n Gorilla wat alleen is, kan dikwels baie gevaarliker wees as wanneer hulle in 'n trop is. Wanneer hulle baie bymekaar is, voel hulle blykbaar die gesamentlike veiligheid. Maar wanneer hulle alleen is, besef hulle blykbaar dat dit 'n geval is van man teen man, en dan sal hierdie groot oerwouddier al sy lis en sy krag aanwend om nie die neerlaag te ly teen 'n vreemde en onbekende vyand nie.

Toe die ape nader kom, laat die Luiperdman vir Donker ewe gemaklik tru staan in die voetpaadjie langs. Hy wil kyk of hy nie hier kan hand gee nie. En as hy dit wil doen, dan sal dit hom niks baat om die agterdog en die opstandigheid van hierdie diere te wek nie. Hy moet help, maar hy weet nie mooi hoe nie. Hoe die inboorlingjagters daardie lang boom omgebuig gekry het om die strik te stel, is vir hom 'n raaisel. Die boom is so geweldig hoog en glad nie meer so jonk en soepel nie. En tog was dit omgebuig om 'n strik te stel, en die ongelukkige wyfie was die eerste een om in daardie strik te trap. Hy wil nooit weet hoe verskrik en geskok die stomme skepsel moes gewees het toe die boom haar so plotseling omhoog geruk het nie. Hy wonder hoe lank sy al daar hang. Miskien al van gister af. En hoe lank sal sy nog daar moet hang?

Die inboorlinge, weet hy, sal hulle nie oor haar bekommer nie. Wat hulle betref, kan sy maar daar hang en biltong word.

Met geamuseerde belangstelling kyk hy na die pogings van die ander gorillas om haar te probeer red. Een groot mannetjie het met





daardie jong boom opgeklouter tot by die top sodat die jong boom stadig heen en weer swaai. Die dun, buigsame top van die boom is krom gebuig en daaraan hang die slagoffer. Die mannetjie het wel bo uitgekom maar daar laat sy intelligensie hom nou in die steek. Hy kan die wyfie nie raak vat nie want sy hang 'n entjie van die stam af en selfs al kan hy haar raakvat, sal hy haar nie loskry nie. So ver die Luiperdman weet, dra gorillas nog nie jagmesse nie en dit is die enigste manier om daardie knellende vangtou om haar enkels los te kry. Jy moet dit afsny. Maar ook dit kan jy nie sonder meer doen nie. Daardie wyfie is al seker uitgeput, verswak. Maak haar plotseling daar bo los, dan is dit baie moontlik dat sy met die lang val haar nek op die grond breek.

Dit lyk amper asof daardie mannetjie dit besef. Hy gaan meteens opgewonde aan spring en wikkel daar bo aan die boom. Hy gooi sy lyf rond, los die een kreet op die ander, maak allerhande wanhopige gebare byna net soos 'n mens. Sy metgeselle betrag hom met belangstelling en selfs die paar ape wat in die rigting van die Luiperdman beweeg het, het al weer in hom belangstelling verloor, omgedraai, en hou die drama nou opnuut dop saam met die ander.

Die Oerwoudman betrag die posisie haarfyn. Bedink 'n plan hoedat hy daardie getroffe wyfie kan bereik sonder dat sy vel deur die ander afgeskeur word. Hy weet goed genoeg dat hierdie geslepe dier hom nie gaan vertrou solank hy besig is om die wyfie te probeer red nie. Hul primitiewe instink sal vir hulle sê dat hy die wyfie probeer leed aandoen. Hulle sal hom eers glo wanneer hy die wyfie gered het. Dan sal hulle eers kom by die primitiewe aanvaarding van die dier. Dan eers sal hulle glo dat hy vir hulle 'n weldaad verrig het. Maar om dit reg te kry sonder die tussenkoms van die ape—dit is die moeilikheid.

Die jong boom waaraan die gorilla hang, staan aan die linkerkant van die voetpad. Die Swart Luiperd beweeg egter met Donker na regs tussen die bome deur. Hy weet dat hy van die linkerkant af niks sal uitvoer nie. Die gorillas sal onmiddellik in die bome op bondel en hom uitmekaar skeur nog voordat hy met sy reddingswerk begin het.

Hy beweeg met sy perd 'n hele entjie die woud in en toe klim hy af. Langs die saalknop het die Swart Luiperd twee rolle tou wat hy altyd saamry omdat hy weet dat 'n mens dit so dikwels in die oerwoud nodig kry. Hy swaai die twee rolle tou om sy skouers, verskuif die lang boog oor sy rug, voel aan sy pylekoker en aan die lang jagmes in die skede aan sy sy. Toe klouter hy in 'n taamlike groot boom, peil weer in die rigting waarin die gorillas hulle bevind, en toe begin hy vinnig van boom tot boom swaai. Snelheid sal sy enigste redding wees. Wanneer hy eers in aksie kom, sal hy nie moet werk soos 'n man wat tien duime het nie. Hy sal vinnig en seker moet werk voordat daardie oerwouddiere hom oorweldig.

'n Paar tree van die voetpad af staan hy eers in 'n mik stil, betrag die wêreld. Die gorillas is so aandagtig besig met hul probleem dat hulle blykbaar nog nie eens agtergekom het dat die vreemde indringer al weer verdwyn het nie.

In hul primitiewe onkunde probeer hulle blykbaar nog steeds planne beraam hoe om hul stomme makker uit haar penarie te verlos. Daaroor is die Swart Luiperd dankbaar, want hoe meer van hulle op die grond is, hoe beter vir hom.

Wat hom egter ontstel, is dat die een mannetjie nog steeds daar bo in die jong boom is waar hy blindelings probeer om die wyfie los te kry. Hoe om van hom ontslae te raak—dit is die probleem. Met hom daar bo in die boom kan die Swart Luiperd nie eens begin met sy plan nie. Hy kry egter skielik 'n ingewing. Hy swaai vinnig na 'n mik in die groot boom onmiddellik teenoor die jong boom waaraan die gorilla hang. Met die snelheid wat hy by 'n Amerikaanse reisiger uit Texas aangeleer het, ruk hy die een tou van sy skouer, maak daar 'n groot oog in en nog voordat die gorillas kan agterkom wat gaande is, slinger hy dit oor die voetpad om die hoë top waaraan die gorilla hang. Met die eerste probeerslag slaag hy daar in om die groot oog om 'n wegstaande tak van die jong boom te slinger. Die volgende oomblik ryg hy die tou in en buig die boom om na sy kant toe terwyl die gorillamannetjie nou opgewonde en dreigend begin skreeu.

Die Oerwoudman trek die boom ver oor voordat hy die tou meteens laat skiet. Dit ruk vinnig terug, slaan knarsend in die ander





bome vas, die wyfie swaai gevaarlik, maar die Luiperdman weet dat hy sy doel bereik het. Die skielike terugslaan van die boom het die mannetjie sy ewewig laat verloor en toe die boom die ander takke tref, los hy met 'n wilde kreet en gryp hy verwilderd aan die eerste die beste tak vas wat hy in hande kan kry. Die Luiperdman swaai die jong boom onmiddellik terug met die kantelende, swaaiende wyfie nog steeds daaraan vas. Maar nou is hy gelukkig van daardie mannetjie ontslae.

Hierdie verrigting veroorsaak konsternasie onder die groot ape. Dit raas en skel en dreig en 'n paar van hulle hef hulle aanvalskreet aan.

Die Swart Luiperd het dit verwag. Daarom bind hy die tou stewig om 'n tak hier waar hy staan. Die jong boom is so ver oorgebuig dat die kroon feitlik regoor die middel van die voetpad is. Daarmee verseker hy dat daardie opstandige mannetjie wat oorkant die voetpad in die boomtoppe dreigemente uitslinger, nie so maklik terug in die kroon sal spring nie.

Op die oomblik toe die gorillas op die grond in die bome begin opklouter, sak die Swart Luiperd af, vang sy tou vas, hang daaraan en beweeg hand-oor-hand na die top van die jong boom. Toe hy die wyfie nader, begin sy wild te swaai en te skreeu. Haar gevaarlike slagtande is ontbloot, haar lang arms gryp-gryp na hom. Sy tou is egter heelwat hoër vas as waar sy hang. Hy trek sy bene op en glip rakelings oor daardie grypende hande heen. Hy bereik die top van die boom en maak paaiende geluide maar dit help niks. Hier om hom wemel dit nou van gorillas. Hy hoop van harte nie een van hulle sal dit waag om na die kroon van hierdie boom te spring nie. Want as dít gebeur, sal die top van die boom sowaar knak onder die gewig en dan stort hulle almal na onder. Hy sit uitasem daar in die kroon van die boom want hy het vinnig beweeg. Voor hom buig die stam ongelooflik sodat dit lyk soos 'n haak-kierie wat in die vuur gebuig is. In die groot boom waarvandaan hy nou net gekom het, het 'n paar groot mannetjies dreigend verskyn. Agter hom, anderkant die voetpad het 'n paar ander hul groot borste getimmer en takke en blare word roekeloos afgeruk. Die Luiperdman se liggaam voel koud hier waar hy sit, want net een fout, een misstap,

een klein ongeluk en hy is 'n kind van die dood. Hy sien hoedat een mannetjie die afstand meet hier na die kroon toe. Maar die Luiperdman slaak 'n sug van verligting toe hy sien dat die gorilla goed genoeg besef dat dit nie goeie werk sal afgee as hy spring nie. Daarom bepaal die ou grotes hulle maar by 'n uitdagende gebrul en geskreeu. Die swaaiende wyfie skreeu ook wild en hoog van angs want sy verbeel haar dat hierdie die vyand is wat haar in die pynlike posisie laat beland het.

Een jong mannetjie is voortvarend genoeg om met die tou langs te probeer klouter maar die Luiperdman skud die jong boom meteens so heftig en die tou swaai so gevaarlik dat die jong vabond onmiddellik van plan verander en terugwip op die tak waarvandaan hy gekom het.

Met die foutlose behendigheid wat 'n mens inspireer wanneer jy in dringende gevaar verkeer, maak die Luiperdman vinnig 'n wye oog om die top van die gebuigde boom. Hy skud dit versigtig laer totdat dit om die voete van die wyfie skuif, laat dit nog 'n entjie afglip tot om haar knieë en toe ruk hy die oog toe. Die gorilla skreeu fyn en trillend want sy verbeel haar dat 'n nuwe ongeluk besig is om haar te tref. Die Luiperdman maak nog steeds paaiende geluide wat blykbaar nie die minste uitwerking op die opgewonde gorilla het nie. Daar is van hulle wat nog steeds dreig om te spring. Daar is van hulle wat dit oorweeg om met dun takkies oor die voetpad uit te stap. Party betrag die tou agterdogtig wat hier van die groot boom af loop tot aan die boom waar die Luiperdman hom bevind. En elke keer waarsku hulle instink hulle dat dit gevaarlik is. Keer op keer probeer hulle maar keer op keer bedink hulle hul weer.

Die Swart Luiperd werk blindelings. Hy gee sy tou een slag om 'n sterk stammetjie wat uit die hoofstam groei 'n hele ent onder die plek waar die boom gebuig is. Hy gee die tou 'n slag om sy arm, trek sy jagmes uit, hang laag oor en met 'n paar vinnige hale kap hy die stuk bobbejaantou af waaraan die wyfie hang. Daar is 'n harde ruk soos sy val toe die Luiperdman se tou vasruk om haar bene. Daar is 'n oorverdowende geskreeu. Die jong boom sidder onder die aanruk van haar gewig. Sy hang nou veel laer teen die boom. Die Luiperdman gee sy tou skiet. Die wyfie sak stadig af, swaaiend





en woelend en skreeuend. Die tak waaroor die tou gly, ruik asof dit aan brand is.

Maar die Oerwoudman laat haar stadig en seker afsak totdat sy eindelik die grond bereik. Toe sy veilig op die grond is, los hy sy tou en laat dit val. Die gorilla-wyfie pluk vinnig aan die tou om haar bene en in 'n kits is sy heeltemal vry.

En toe die Swart Luiperd die sweet uit sy oë vee, dring dit tot hom deur dat daar 'n byna ongelooflike stilte gekom het. Die geskreeu, die gedreig en die gebulder, die getrommel op die borste het stil geword. Hy sien ape uit die bome na onder skamper. Hy sien mannetjies roerloos na hom sit en staar. Dit is iets wat hul primitiewe breine kan verstaan—een van hulle was in gevaar en is gered.

Sonder om te hingel, begin die Luiperdman met sy tou terug te klim na die groot boom anderkant die voetpad hoewel 'n paar yslike mannetjies nog in daardie boom sit en wag. . .